Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum

Reg No. 102-000-NPO

Kwartaalikse Nuusbrief – Nr. 16 Julie 2021

Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons **Visie** vir die Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels) is een waar 'n kultuur van omgee-vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Daarom fasiliteer ons 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers, wat die volgende insluit:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkies aan inwoners wat sukkel om in basiese voedselbehoeftes te voorsien*
- *'n Kliniekdiens vir die verskaffing van chroniese medikasie, roetine mediese toetse en uitleen van basiese verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die basis vir die **HAIL** (**H**ome-based **A**ssisted **I**ndependent **L**iving) inisiatief, waardeur inwoners met verminderde vermoëns om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funsioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

ONDERBREEKDE HERSTEL NA 'n COVID-GEDEFINIEERDE JAAR

Ons vorige kwartalikse nuusbrief, wat in die begin van Mei vanjaar uitgereik is, het 'n optimistiese noot gehad. Ons het toe so pas deur 'n moeilike jaar gekom waartydens verskillende vlakke van gredelbeperkings in reaksie op die 1ste sowel as die 2de golf van die Covid-pandemie ons vermoë om ons normale reeks dienste aan ons Hangklip-gemeenskap te lewer (opgesom in die teksboks hierbo) ernstig beïnvloed het.

Ons was op daardie stadium besig om ten volle te herstel, en het uitgesien daarna om die toekoms met hernieude energie aan te pak – wel met die besef dat ons, in die nasleep van die pandemie, ons by nuwe werkswyses sal moet aanpas om die nuwe omstandighede en veranderende gemeenskapsbehoeftes aan te spreek. Om dit beter te beplan, het ons op 10 Mei 'n strategiese dinkskrum gehou met verteenwoordigers van die gemeenskap. Riglyne wat uit die sessie na vore gekom het, moet nog geprosesseer word en ons sal mettertyd daarop reageer. Die proses om die strategiese sessie op te volg, is ongelukkig onderbreek deur die beperkings op vergaderings en byeenkomste wat teen die einde van Junie heringestel is met die aanvang van die Covid vlak 4-grendelregulasies.

Weer eens was die normale dienste wat geleidelik hervat is na die eerste 2 Covid-golwe onderbreek. Hierdie dienste het hoofsaaklik bestaan uit georganiseerde geleenthede vir sosiale interaksie (dws sitmaaltye, tee en verversings vir kliniekpasiënte, vriendskapskring-byeenkomste) en ontspanning (brug, pilates, kulturele gesprekke). Gelukkig was hierdie jongste onderbreking in dienskontinuïteit van relatief korte duur (ongeveer vyf weke sedert die aanvang daarvan), en ons sien uit na die volle aktiviteits-hervatting teen vroeg/middel Augustus.

VOORTGESETTE DIENSTE

Ons noodsaaklike voedingsdienste is gelukkig nooit tydens die pandemie onderbreek nie. Dit neem eerstens die vorm aan van die voorsiening van smaaklike voedsame maaltye wat elke Maandag, Woensdag en Vrydag in die HGSS-kombuis voorberei word en beskikbaar gestel word aan inwoners met 'n lae inkomste teen pryse wat baie gesubsidieer en bekostigbaar is. Tweedens, word kospakkies opgemaak en maandeliks gratis aan behoeftiges in ons gemeenskap versprei.

Die vraag na beide vorme van voedingsverligting het sedert die aanvang van die pandemie aansienlik groter geword, en het die afgelope kwartaal steeds toegeneem. Veral die vraag na etes is alreeds sodanig dat ons kombuis die perke van sy kapasiteit begin bereik; daar moet gesoek word na innoverende maniere om hierdie kapasiteit uit te brei.

ONDERSTEUNING VIR COVID-INENTINGS PROGRAM IN DIE HANGKLIP-GEBIED

Aangesien HGSS al vroeg die behoefte aan 'n sentrale inentingsfasiliteit vir Covid entstof toediening in ons gemeenskap gesien het, het ons aangebied om saam te werk met die Wes-Kaapse Gesondheidsdepartement om dit te bewerkstellig. Ons is dank verskuldig aan Bettiesbaai se Belastingbetalersvereniging vir die beskikbaarstelling van die Crassulasaal as inentingslokaal en aan verskillende lede van

die HGSS, insluitend verskeie dokters en verpleegsters, wat die nodige vrywillige ondersteuningsnetwerk aan die Gesondheidsdepartment-personeel verskaf het om hierdie proses op 'n deurlopende manier te vergemaklik. Ondanks die onverwagte uitdagings (as gevolg van inkonsekwente of onderbreekte entstof-voorsiening) is daar tot dusver sedert 8 Junie ongeveer 400 dosisse entstof toegedien.

Ons beskou die volle inenting van ons gemeenskap as die sleutel tot 'n veilige terugkeer na normaliteit, insluitend die herstel (en uitbreiding) van die verskillende dienste wat HGSS wil lewer.

HAIL NUUS

Fasilitering van tuisversorging

Die HGSS is daartoe verbind om tuisversorging ('n belangrike aspek van HAIL) te fasiliteer wanneer daar ‘n versoek deur of namens inwoners wat sulke sorg benodig, gemaak word. Dit behels ook die verlening van finansiële hulp in situasies van ernstige nood, waar bekostigbaarheid ontbreek. ‘n Spesifieke protokol - sowel klinies as finansieël - is reeds geformuleer vir die beoordeling van die vlak van finansiële ondersteuning wat ons in spesifieke situasies kan aanbied.

Ons het egter addisionele struikelblokke teëgekom in hierdie hoë risiko Covid-klimaat vir die nodige opdatering en uitbreiding van ons databasis van versorgers.

Die grootste struikelblok hier is die gebrek aan versorgers in die hele Hangklip-omgewing wat voldoende opleiding het en wat wel beskikbaar is. Ons het 'n vennootskap met Fynbos in Kleinmond ondersoek om ons te help om in hierdie behoefte te voorsien. Nie net is daar ook min beskikbare opgeleide versorgers daar nie, maar ons verstaan ook dat sodanige versorgers in Kleinmond wat nie onafhanklike vervoer het nie, baie huiwerig is om na enige van ons uitegeleë Hangklip-dorpies te pendel. Ons doen dus 'n beroep op lesers van hierdie nuusbrief om Joy Rourke (060 983 8446) in kennis te stel van bekende versorgers in ons omgewing wat bereid sou wees om in ons databasis opgeneem te word.

LIDMAATSKAP

Covid het ongelukkig 'n negatiewe uitwerking op ons lidmaatskap gehad. Tussen April 2020 en Maart 2021 het ons 30 lede verloor deur bedankings, hervestigings, sommige sterftes en wanbetaling van ledegeld. Die goeie nuus is egter dat ons lidmaatskap sedert Maart geleidelik herstel het namate nuwe lede aansluit.

Die krag en effektiwiteit van 'n gemeenskapsdiens-organisasie soos ons s'n hang grootliks af van die sterkte van sy lidmaatskap en die positiewe invloed wat lede op die beleid en rigting van die organisasie kan uitoefen. Ons wil dus lesers van hierdie nuusbrief wat in die Hangklip-omgewing woon, aanmoedig om aansoek te doen vir lidmaatskap (indien nie reeds 'n lid nie), of alternatiewelik om lidmaatskap onder vriende en bure te bevorder.

HERSKEDULERING VAN ONS ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VIR 2021

Die Algemene Jaarvergadering van HGSS in 2021 sou oorspronklik op Maandag 21 Junie 2021 by ons perseel in die Lakeside-kapel gehou word. Vanweë 'n gebrek aan kworum moes die vergadering egter met 'n week tot 28 Junie uitgestel word soos in die HGSS grondwet bepaal word. Die grendelreëls wat op 27 Junie aangekondig is, het egter na aanleiding van die vlak 4 vereistes, die samekoms van enige aard verbied en die uitstel van die AJV tot verdere kennisgewing genoodsaak. Ons is tans besig om die AJV vir 'n geskikte datum in Augustus te herskeduleer en sal binnekort lede van die nuwe reëlings in kennis stel.

'n Belangrike deel van die AJV-agenda is die verkiesing van nuwe ampsdraers. Ons moedig HGSS-lede aan om hierdie geleentheid te gebruik om die bestuurskomitee te versterk en weer te hernu deur persone met entoesiasme, dryfkrag en 'n passie vir gemeenskapsdiens te kies. Die bestuurskomitee het tans nie genoeg lede nie; twee ampsdraers wat pas bedank het, moet nog vervang word om die minimum van sewe lede, wat deur die grondwet vereis word, te bereik. Aangesien ons 'n tydperk van aansienlike uitbreiding van dienste verwag, sal dit wenslik wees om die bestuurskomitee verder as die vasgestelde minimum te vergroot.

ERKENNING

Ons moet weereens met dankbaarheid erkenning gee aan die vrygewigheid van baie lede van die Hangklip-gemeenskap wat steeds ongevraagd kontant skenkings doen, dikwels anoniem. Hierdie ondersteuning is nie net van groot waarde vir die volhoubaarheid van dienste wat HGSS aan ons gemeenskap bied nie, maar is ook 'n aanduiding van die hartlike en besorgde aard van die gemeenskap waarin ons woon.

Bring gerus hierdie nuusbrief onder die aandag van mede-inwoners van Hangklip (veral nie-lede) wat moontlik ingelig wil word oor die doel en programme van HGSS. Vir diegene wat 'n eenmalige of gereelde kontantskenking aan HGSS wil doen (aftrekbaar van belasting), volg ons bankbesonderhede. Gebruik u van en voorletters as verwysing en stuur u kontakbesonderhede per e-pos aan ons tesourier, Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net), sodat ons 'n toepaslike kwitansie vir belastingdoeleindes kan uitreik.
Rekening: Hangklip Community Care Centre
Bank: Eerste Nasionale Bank (FNB):
Rekeningnr: 62460003818.